

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 2

12 Januarie 2025

# Pelgimsreisiger,
# jy het ‘n Maat!

Dis ‘n nuwe jaar, ‘n nuwe begin! Los wat agter is en dinge wat jou gebonde hou en strek jou uit na dit wat voorlệ… ‘n pelgrimsreis saam met die Heilige Gees! Ons het ‘n toekoms, ‘n môre, want Hy leef! Daarom kan ons ons more aanpak, want hy is reeds daar…
Lees gerus weer Joh 14: 15-31.
“…Hy (die Vader) sal vir julle ‘n ander Voorspraak struur om vir **ewig** by julle te wees…” (v16).
Voel jy partykeer totaal verlate en eensaam in die wệreld? Voel dit soms asof die wệreld net mooi gaan staan en sy rug op jou gedraai het? Niemand stel eintlik werklik belang in hoe jy voel of wat jy te sệ het nie.
Dan is dit goed om te weet dat dit die posisie met die wệreld is. Jesus Christus egter, stel in jou belang, veral in jou pyn, droefheid en eensaamheid. Daarom het Hy jou leer bid. Het jy al ooit gedink aan die groot wonderwerk wat plaasvind wanneer jy bid? Jy wat nietige mens is, bring die hemele in beweging!
Maar die Here laat ook ‘n ander wonderwerk in die gelowige lewe plaasvind. Hy gee vir ons die Heilige Gees, die Voorspraak, die Gees van die Waarheid, ‘n Maat “om vir ewig by ons te wees”. Hierdie Gees van God in jou lewe moet jy beleef, jy moet met Hom in gesprek tree en luister na Sy wyse leiding. Dan ondek jy die wonderwerk: op jou pelgrimsreis deur hierdie wệreld is jy nie alleen nie! God self, die Gees van die Waarheid, die Heilige Voorspraak, is vir ewig saam met jou op die lewenspad. Hy gaan jou nie los nie en jy moet Hom nie los nie want Hy is in jou, deel van jou. Dink net hoe wonderlik is dit dat die Godheid self in jou kom woon, jou Self lei en jou Self bewaar.
**Dit is wat Jesus beteken.** Maak dit dan werklik saak wat die wệreld van jou dink en hoe die wệreld teenoor jou optree? Die Heilige Gees loop saam met jou deur die lewe, Hy is áltyd tot jou beskikking. In Sy krag kan jy werklik lewe, Sy heerlikheid kan jy werklik ervaar en Sy troos is altyd vir jou bedoel. Glo dit en die pelgrimsreis deur hierdie wệreld word een groot tiomftog. Elke dag word ‘n nuwe avontuur en elke oomblik ‘n oomblik in die ewigheid wat jy nooit wil vergeet nie!

**O Gees van God**
**ek dank U**
**dat U my lei**
**en saamstap op my lewenspad.**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat ons regering en almal in gesagsposisies in belyning met God se hart en doel vir Suid Afrika en sy mense en vir die nasies sal kom. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums wat eersdaags weer begin. Vir die kinders se veiligheid, goeie onderrig sisteme, Christelike leiding, ens.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Johnny Viviers
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Rina du Plessis
- Stefaans du Plessis
- Nettie Badenhorst
- Carin Wilsenach

Danie Theron
Tannie Rina van der Vyver
Rudi Kruger
Anna Chandler
Marlie Holtzhausen
Jaap Naudé
Elma Swart
Adri Carstens
Tannie Charmaine Venter
Jurie Matthee
Michelle Cowley
Hannah Bylsma

**Ons innige meegevoel met Johan en Noeline Zwiegelaar met die afsterwe van Johan se moeder.**

## Gedagte vir die week

**Word stil en luister**
**na Sy stem..**

## Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org